# Welkom by NG The Reeds

## 'n Veilige hawe vir nuwe hoop

Gee met die hart

1.As die Here die huis nie bou nie,
swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.
As die Here die stad nie beskerm nie,
waak dié wat dit beskerm, tevergeefs.
2. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan
en laat gaan slaap
om met moeite 'n bestaan te maak.
Vir dié wat Hy liefhet,
gee die Here dit in hulle slaap.
Psalm 127





# LB 209

Heer met my hele hart

kom sing ek ‘n lofsang,

kom ek van U magtige wonders vertel

en van al U reddings dade



Heer met my hele hart

kom sing ek ‘n lofsang,

ek wil oor U altyd bly en vrolik wees;

ek wil u Naam besing

Ek wil oor U altyd bly en vrolik wees.

Halleluja!


Markus 12:38-44
13:1-2

# Markus 12

38. Terwyl Jesus die mense leer, het Hy gesê:
“Pas op vir die skrifgeleerdes, wat daarvan hou
om met swierige klere rond te stap en om op
straat begroet te word, 39. wat die voorste
sitplekke in die sinagoges en die ereplekke by
die feesmaaltye wil hê. 40. Hulle palm die huise
van die weduwees in en sê vir die skyn lang
gebede op. Hulle sal baie swaar gestraf word.”

41. Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. 42. Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. 43. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. 44. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe.”

# Markus 13

1. Toe Jesus van die tempel af weggaan, sê een
van sy dissipels vir Hom: "*Here, kyk watter*
*geweldige klippe en watter geweldige geboue*!"
2. Jesus sê vir hom: "*Sien jy hierdie groot*
*geboue? Hier sal nie een klip op die ander bly*
*nie; alles sal afgebreek word*."


David de Villiers


David de Villiers
Hy belowe om R 200 deur money marker te stuur
Daar is nog net R 200 bskikbaar – het R112 nodig
*“Oupa, I want to give you this.”*


David de Villiers
Welwillendheid is nie net die gee van goed nie, maar om iets van jouself, van jou tyd en veral van God te gee!

# In ons teks …


Jesus & dissipels laaste keer in tempel

Op pad daarheen – vyeboom vervloek

Tempel gereinig – tot niet verklaar

Vrae beantwoord

# In ons teks …




Sluit nie net die gebeure in tempel af nie, maar ook sy onderrig oor die koninkryk

Hoe lyk en funksioneer die koninkryk?

Hoe lyk dissipelskap in die koninkryk?


Daar is vier groepe karakters:
die skrifgeleerdes & rykes, die
weduwee die dissipels en Jesus



Sover ons weet…


Sy was gewoond om
nie gesien te word nie



Terwyl sy verdwyn neem ander die
middelpunt van die verhoog in



As Jesus jou nader geroep het, wat sou jou opgeval het?


Jesus plaas die kollig op wat verkeerd loop in die godsdiens (vyeboom):
Hoe het dit hulle gevorm?
Daar was 13 offergawekiste


Jesus kyk na die harte:
*Die rykes gee uit hul oorvloed iets*
Dit wat hulle gee, raak nie hulle normale lewenstyl nie


"HOW SAD IT IS WHEN SOMEONE COMES TO YOU LOOKING FOR JESUS AND ALL THEY SEE IS YOU."
-St. Mother Teresa

How sad it is when someone comes to you looking for Jesus and all they see is you.
Mother Teresa
quotefancy



# Jesus se oë was nie op die skrifgeleerdes gefokus nie

**Hy wou juis sy dissipels en ons help om met nuwe oë te kyk na die koninkryk en na Hom**



Jesus kyk vandag nog na die hart:
Raak dit wat ons gee (godsdiens beoefen) en die manier waarop ons gee nog ons normale lewenstyl?

# Markus sê die weduwee het twee muntstukkies in die kis gegooi

*“Sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe.”*

Toe sy omdraai en loop …





As die tempel dus ‘n plek is waar mense met hierdie gesindheid lewe, sou die wêreld ‘n ander plek gewees het.

Dit gaan nie oor hoeveel sy ingooi nie, maar oor <u>alles wat sy het</u>!

In die koninkryk gee mense met die hart


Hierdie vrou het gegee met die hart



As kerkgeboue en gemeentelike lewe nie langer as ons eiendom beskou word waaroor ons beskik en wat aan ons maatstawwe onderwerpe is nie, maar eerder plekke waaroor sy Naam uitgeroep word en in die teken van sy offer staan!

Hierdie vrou gee met die hart




If
JESUS
is all you have,
YOU HAVE
ALL YOU NEED.



Hierdie vrou was nie net ‘n voorbeeld van dissipelskap nie, maar ‘n teken van Jesus se eie totale oorgawe!


David de Villiers
Welwillendheid is nie net die gee van goed nie, maar om iets van jouself, van jou tyd en veral van God te gee!


Gee met die hart





# Lied 308: 1

Neem my lewe, laat dit, Heer,

U gewy wees meer en meer.

Laat my hart gedurig juig

en van dankbaarheid getuig.

# L 308:2



**Neem my hande, maak hul sterk**

**diensbaar in u goeie werk.**

**Neem my voete, skoei hul, Heer,**

**met bereidheid tot u eer.**



# L 308:4

Neem my goud en silwer, Heer

niks noem ek my eie meer.

Al my kennis en verstand

stel ek in u vaderhand.

# L 308:5



**Maak my hart vir U tot troon**

**deur u Gees wat in my woon.**

**Rig my wil, gevoel en daad**

**altyd na u wyse raad.**